# MAAK 'N AFSPRAAK

## Hoe om 'n eBooking te maak

**17 November 2020** - Neem asseblief kennis dat die geleentheid om jou persoonlike inkomstebelastingopgawe oor die toonbank by enige SARS-tak in te dien, op Donderdag 22 Oktober 2020 verstryk het. Elektroniese indienings vir nie-voorlopige belastingpligtiges het op 16 November 2020 gesluit.

## Wat jy moet weet wanneer jy 'n afspraak maak

- Dui asseblief aan of jy 'n afspraak maak as individu, maatskappy, verteenwoordiger of 'n praktisyn.
- Slegs SARS-geregistreerde belastingpligtiges sal in staat wees om 'n afspraak te maak. Ongeregistreerde gebruikers sal na die eFiling-webtuiste verwys word om te registreer.
- Indien jy nie as geregistreerde individuele belastingpligtige, maatskappy-verteenwoordiger of praktisyn geverifieer kan word nie, sal jy nie in staat wees om 'n afspraak te maak nie.
- Maak asseblief seker dat jy alle persoonlike besonderhede vaslê, presies soos geregistreer by SARS, anders sal die stelsel nie jou besonderhede outentiseer nie.
- Nie-inwoners sal toegelaat word om 'n afspraak te maak met die gebruik van buitelandse paspoortnommers. Suid-Afrikaanse burgers moet hulle ID-nommers gebruik om besprekings te maak.
- Neem asseblief kennis dat jy 'n geldige selfoonnommer en/of e-posadres aan ons sal moet verskaf.
- Datum van keuse mag nie meer as 60 dae vooruit wees nie. Die vroegste afspraak wat jy sal kan maak of ontvang, is 48 uur vanaf die huidige oomblik.
- Slegs een tydslot kan gekies word vir 'n afspraak.
- Die skedulering van aaneenlopende afsprake (blokbesprekings) word nie toegelaat nie.
- Sodra 'n afspraak bevestig is, sal jy 'n formele bevestiging ontvang per e-pos of SMS, met 'n verwysingsnommer.
- Op die datum van die video- of telefoonafspraak:
    - 'n SARS-agent sal jou skakel vir die telefoniese afspraak, of deur Microsoft Teams op die internet kontak maak vir 'n video-afspraak.
    - Ons sal poog om te verseker dat alle kliënte wat betyds is, op die tyd van die goedgekeurde afspraak te help.
    - Kliënte wat laat is, kan hul afspraak verbeur, en sal dan 'n nuwe afspraak moet maak.
- Jou afspraak sal aan 'n spesifieke agent toegeken wees en jy sal nie diens van 'n ander agent kan versoek nie, tensy 'n ander afspraak gemaak word.
- Maak asseblief seker dat jy al die stawende dokumente, wat op jou navraag van toepassing is, elektronies ingedien het voor die datum en tyd van jou afspraak - anders sal SARS jou moontlik nie kan help nie.
- Jy kan die toepaslike stawende dokumente elektronies indien deur die SARS Online Query-stelsel.
- Verwys asseblief na die vereiste stawende dokumente vir jou spesifieke versoek, hier.
- Sodra 'n afspraak gemaak is, sal jy hulp ontvang met die voltooiïng van jou ITR12-inkomstebelastingopgawe deur ons gratis stem-terugskakeldiens.
- **Dit word aangeraai dat jy Google Chrome, Microsoft Edge, Firefox of Safari gebruik vir toegang tot die afspraakvorm, en NIE Internet Explorer nie.**

Vir meer inligting oor die proses, verwys na ons *Guide on Book an Appointment at a SARS Branch*.

Neem asseblief kennis dat slegs prosesse wat nog nie ten volle geoutomatiseer is nie, sal by wyse van afspraak toegelaat word. Jy kan hierdie prosesse vanaf die kieslys kies wanneer die afspraak gemaak word. Indien die proses wat jy wil voltooi nie op die kieslys is nie, beteken dit dat die proses by wyse van elektroniese kanale geprosesseer kan word.

**Klik hier om die afspraakvorm in 'n nuwe venster oop te maak.**